education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

**GESKIEDENIS V1**

**HOËR GRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**503-1/1**

GESKIEDENIS HG: Vraestel 1
Vraestel & Addendum

503 1 1A HG

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 11 bladsye**

X05

*Kopiereg voorbehou*

GAUTENG

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word:

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.
4. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.
5. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.
6. Beantwoord VIER vrae.

   6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   **6.2 JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: *DIE PERIODE 1948 TOT 1976* (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.
8. Die toegelate tyd vir hierdie vraestel moet oordeelkundig benut word by die beantwoording van die vrae, verkieslik omtrent 45 minute per vraag.
9. Die blote oorskryf van bronne by die beantwoording van vrae sal kandidate benadeel.
10. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag en nie meer as DRIE (3) vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 1: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Beantwoord óf **VRAAG 1A óf VRAAG 1B**. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 1A

Volgens hedendaagse kritici word Generaal JBM Hertzog se stryd om Suid-Afrika soewereine onafhanklikheid in die periode 1926 tot 1934 dikwels oorbeklemtoon.

Stem jy saam? Staat jou argument. . **[50]**

**OF**

### VRAAG 1B

Die skeuring in die Verenigde Partyregering in 1939 oor die vraag of Suid-Afrika tot die Tweede Wêreldoorlog moes toetree was nie onverwags nie, aangesien koalisie en samesmelting op 'n swak fondament van wit politieke-eenheid en solidariteit gebaseer was.

Ondersoek hierdie stelling krities. **[50]**

### VRAAG 2: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beantwoord óf **VRAAG 2A óf VRAAG 2B**. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 2A

'Tydens die jaarlikse ANC konferensie in Bloemfontein (1950), het die organisasie die Liga se Program van Aksie aanvaar wat vir boikotte, stakings, wegbly-aksies, passiewe verset en ander vorme van massa-optrede gevra het.'
*(Nelson Mandela – Uitvoerende lid van die African National Congress Youth League)*

Met verwysing na die bostaande bespreek hoe die Jeugliga se Program van Aksie geïmplementeer is en watter impak dit op die apartheidsregering in die 1950's gehad het. **[50]**

**OF**

**VRAAG 2B**

Die stryd om vryheid in Suid-Afrika het in die periode 1960 tot 1976 meer militant en intens geword as gevolg van die apartheidsregering se onwilligheid om polities tot 'n meerderheidsregering te transformeer.

Stem jy saam? Ontleed hierdie stelling krities. **[50]**

**VRAAG 3: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

Beantwoord óf **VRAAG 3A óf VRAAG 3B**. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 3A**

Assesseer die rol wat die swart vakbondbewegings in die 1980's in die vryheidstryd in Suid-Afrika gespeel het. **[50]**

**OF**

**VRAAG 3B**

Op 10 Mei 1994 is Nelson Rolihlahla Mandela ingesweer as die eerste swart President van die demokratiese Suid-Afrika. Die lang opmars na vryheid is bereik.

Deur na die politieke gebeure tussen 1990 en 1994 te verwys, bespreek hierdie stelling krities. **[50]**

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in die ADDENDUM.

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE BETEKENISVOL WAS AFRIKANER NASIONALISME IN 1930?

Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A.

(a) Identifiseer die faktore wat die Afrikaners gemotiveer het om 'n gees van nasionalisme te versterk. (2 x 1) (2)

(b) Lewer kommentaar op Malan se verwysing na: 'Nou, ... staar Afrikaners 'n nuwe Bloedrivier in die gesig.' (2 x 2) (4)

(c) Op watter wyse het Malan geglo kon Afrikaner eer-beskerm en verewig word? (2 x 1) (2)

(d) Wat dink jy sou die reaksie van swart Suid-Afrikaners gewees het op Malan se versekering dat 'blanke beskawing verseker sou word'? (1 x 2) (2)

4.1.2 Bestudeer Bron 4B.

(a) Op watter wyses het die Afrikaners beplan om die eeufees van die Slag van Bloedrivier te vier? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik waarom jy dink die ossewa 'n sentimentele simbool vir die Afrikaner was? (2 x 2) (4)

4.1.3 Verwys na Bronne 4A en 4B. Verduidelik waarom geskiedenis so 'n belangrike deel van Afrikaner nasionalisme uitgemaak het? (3 x 2) (6)

4.1.4 Verwys na Bron 4C.

(a) Waarom het Solly Sachs 'n brief gestuur waarin hy versoek het dat 'n afvaardiging die eeufeesviering bywoon? (2 x 1) (2)

(b) (i) Hoe het die organiseerders van die eeufeesviering op Sachs se versoek gereageer? (1 x 2) (2)

(ii) Verduidelik die redes vir die reaksie soos gegee in (b) (i) hierbo. (2 x 2) (4)

(c) Watter beperkinge het Bron 4C vir 'n geskiedkundige wat die eeufeesviering van Bloedrivier navors? (3 x 2) (6)

4.1.5 Gebruik die inligting uit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (ongeveer 100 woorde) oor hoe Afrikaner nasionalisme na 1938 'n groeiende dryfkrag geword het. (12)
**[50]**

## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 HET DIE HOOGVERRAAD VERHOOR BYGEDRA TOT DIE VRYHEIDSTRYD IN SUID-AFRIKA IN DIE 1950s?

Gebruik Bronne 5A, 5B en 5C om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Verwys na Bron 5A.

(a) Wat, volgens die bron, die rede vir die voordagbreek klopjag in 1956? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik wat met die stelling '[die] diktatoriale minderheid het in 1956 desperaat gedobbel deur 'n groot deel van sy opponente te arresteer' geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

(c) Verduidelik die redes wat deur Helen Joseph in die bron gegee word wat haar aanname dat 'Nasionalistiese logika naïef eenvoudig was en aan die punt van onnoselheid gegrens het' ondersteun. (2 x 2) (4)

(d) Waarom het die apartheidsregering hierdie vorm van aksie teen die politieke aktiviste in geneem? (1 x 2) (2)

(e) Verduidelik of jy saamstem met die stelling dat die wit minderheidregering van Suid-Afrika gesien is as 'n vername 'bondgenoot in die stryd teen kommunisme'. (2 x 2) (4)

5.1.2 Gebruik na Bron 5B.

(a) Watter boodskap dra Kathrada oor deur die stelling: 'ek is nie van Indië nie ...'? (1 x 2) (2)

(b) Lewer kommentaar op die verskillende metodes wat deur Kathrada uitgelig word, wat deur die regering en die weerstandorganisasies gebruik is in die 1950's. (2 x 2) (4)

(c) Verduidelik of Kathrada geregverdig is deur Swart te blameer vir die bloedvergieting in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

(d) Watter indruk kry jy van Swart en Dönges uit die reël 'hulle het daarvan gehou om te keer dat literatuur die land binnekom'? (1 x 2) (2)

(e) Verduidelik die doel van Kathrada se verwysing na Nehru en Nkrumah. (2 x 2) (4)

(f) Wat dink jy word bedoel met die stelling: 'Lank lewe hoofman Luthuli! Weg met Strijdom en Swart! Lank lewe Vryheid'? (2 x 1) (2)

5.1.3 Verwys na Bron 5C.

(a) Verduidelik wat die Staatsaanklaer bedoel het met 'n gekwalifiseerde stemreg vir Afrikane'. (1 x 2) (2)

(b) Watter staatsmanskunskwaliteite sien jy in Mandela uit die reël: 'in my eie siening sou ek sê ja, kom ons praat ...'? (1 x 2) (2)

5.1.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (ongeveer 100 woorde) op die aanname dat die Hoogverraad verhoor tot die Vryheidstryd bygedra het.. (12)

**[50]**

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 WATTER EFFEK HET DIE DRIE-KAMER PARLEMENT OP DIE MENSE VAN SUID-AFRIKA GEHAD?

Gebruik Bronne 6A, 6B, 6C en 6D om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

(a) Waarom, volgens die bron, het P.W. Botha in 1983 besluit om die grondwet van Suid-Afrika te verander? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik in jou eie woorde wat Botha bedoel het met die opmerking '... bevry onsself deur aan ander in die gees van regverdigheid te gee wat ons vir onsself toe-eien...'. (2 x 2) (4)

(c) Volgens uittreksel 2, hoe het die Nasionale Party probeer om tussen 'eie' en 'algemene' sake te onderskei? (2 x 2) (4)

(d) Deur bewyse uit die bron te gebruik, verduidelik waarom die nuwe grondwet van 1983 tot mislukking gedoem was. (2 x 2) (4)

6.1.2 Bestudeer Bron 6B.

(a) Hoe het 'n demokratiese organisasie soos die UDF probeer om die nuwe grondwet teen te staan? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik die beperkinge van Bron 6B vir 'n geskiedkundige wat die drie-kamer parlementêre stelsel van 1983 bestudeer. (2 x 2) (4)

(c) Verduidelik waarom jy dink dat die protes teen die drie-kamer parlementêre stelsel suksesvol was. (2 x 2) (4)

6.1.3 Gebruik Bron 6C.

a) Verduidelik die betekenis van die term 'verraaiers'. (1 x 2) (2)

(b) Wat het die 'verraaiers' gemotiveer om by die drie-kamerstelsel in 1983 aan te sluit? (2 x 1) (2)

(c) Verduidelik die implikasies van FOSATU se siening: 'kan 'n vlieg wat in die spinnekop se web vasgevang is met die spinnekop onderhandel?'. (1 x 2) (2)

(d) Verduidelik of die stelling deur die verraaiers ondersteun kan word: 'As ons eers binne in die stelsel is, kan ons dit gebruik om vir die Afrikane te onderhandel.'. (1 x 2) (2)

6.1.4 Bestudeer Bron 6D.

(a) Bespreek die kritiek van die koerant (*Mayibuy*) teen diegene wat teen die demokratiese organisasies gewerk het. (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik wat die demokratiese organisasies gehoop het om te bereik deur die demonstrasies teen die drie-kamerstelsel. (2 x 1) (2)

6.1.5 Met verwysing na Bronne 6C en 6D, verduidelik of daar enige regverdiging is om die drie-kamerstelsel te ondersteun. (2 x 2) (4)

6.1.6 Gebruik die inligting uit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (ongeveer 80 woorde) oor hoe die drie-kamerparlement die mense van Suid-Afrika in die 1980's beïnvloed het. (8)

**[50]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

# ADDENDUM
# GESKIEDENIS V1
# HOËR GRAAD
# FEBRUARIE/MAART 2007

X05

Kopiereg voorbehou

GAUTENG

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE BETEKENISVOL WAS AFRIKANER NASIONALISME NA 1938?

**BRON 4A**

Hierdie is 'n uittreksel wat geneem is uit die boek *South Africa, 1948 –1994* deur Rosemary Mulholland. Dit fokus op Dr. D.F. Malan se toespraak tydens die herdenking van die Slag van Bloedrivier in 1938.

Sedert die laat 1930's het die Afrikanerleiers probeer om 'n sterk nasionale identiteit te skep. Op 16 Desember 1938, tydens die 100ste herdenking van die oorwinning van Bloedrivier, is die spore van die Voortrekkers gevolg in 'n pelgrimstog dwarsoor Suid-Afrika, met byeenkomste wat deur groot skares bygewoon is.

Dr. Malan het die hoofrede by Bloedrivier gelewer. Hy het gesê dat die Voortrekkers in 1938 deur God se genade en selfopoffering Afrikanerdom laat seëvier het. Nou, het hy gesê, staar die Afrikaners 'n nuwe Bloedrivier in die gesig.

'In daardie Bloedrivier, het swart en wit ontmoet in 'n meer hegter kontak en 'n meer bindende stryd. Vandag, worstel swart en wit in dieselfde arbeidsmark. Hulle, [die Voortrekkers se] vryheid was bo en behalwe vryheid, ook om hulself as 'n wit ras te bewaar. Jy besef vandag, dat hulle taak om van Suid-Afrika 'n witmansland te maak, tien maal meer jou taak geword het. As 'n teken van julle nasionale trots vernoem julle strate na Voortrekkerhelde en eis [julle] dat die *Stem van Suid-Afrika* as julle nasionale volkslied erken moet word. Het julle die patriotisme en genoegsame mag om, in hierdie jaar van feesvieringe, die God-gegewe geleentheid te gebruik om iets oneindig meer belangrik [naamlik] die versekering dat blanke beskawing verseker sal word, te eis?'

**BRON 4B**

Die volgende uittreksel, wat geneem is uit die boek *A History of South Africa* deur Martin Roberts, fokus op die betekenis van die eeufeesviering van die [slag] van Bloedrivier vir die Afrikaners.

Die appél van Afrikaner nasionalisme het duidelik geword in die entoesiastiese eeufeesvierings van die Groot Trek. Twee ossewaens, gemodelleer op die wat in 1838 gebruik is, vergesel van mans en vroue in Voortrekkerdrag, het Jan van Riebeeck se standbeeld in Kaapstad in Augustus verlaat en het die volgende Desember op die terrein van die Voortrekker monument in Pretoria gearriveer. Oral waar hulle gegaan het, het groot skares vergader. Gideon Roos het die volgende namens die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie gerapporteer:

'Jy het geen idee watter emosie dit veroorsaak het nie. Ek het mense in trane gesien as gevolg van hierdie golf van intense patriotisme, gekristalliseer rondom die trots van hierdie romantiese bladsy in ons geskiedenis. Ons het tevore geen simbool gehad nie, die Ossewa het daardie simbool geword.'


**BRON 4C**

Hierdie uittreksel, wat geneem is uit *South Africa 1948 – 1994* deur R Mullholland, fokus op Solly Sachs wat 'n brief aan die organiseerders van die eeufeesvieringe van die slag van Bloedrivier gestuur het en die reaksie wat hy daarop ontvang het.

Solly Sachs was Sekretaris-Generaal van die Klerewerkersunie. Alhoewel self 'n Jood en Kommunis, welbekend vir sy opposisie teen die regering se beleid van rasse-segregasie, was die meeste van sy lede Afrikanervroue, dus het hy aan die eeufeesviering organiseerders geskryf en gevra of sy vakbond 'n afvaardiging na die feesvieringe kon stuur.

'Die Afrikanervolk is besig om te verenig en is besig om huself te mobiliseer teen jou en jou soort. Die duisende Afrikanerdogters, wat jy in jou kloue het, sal met jou regmaak ... . Ons mense wil niks met julle Kommuniste en Jode, die hoë priesters daarvan die minste van alles, te doen hê nie. Die dag waarop die Afrikaners met julle Jode begin regmaak sal julle besef dat Duitsland 'n Joodse paradys is in vergelyking met wat Suid-Afrika sal wees ... . Jy ... wat heeldag lank organiseer en [Afrikane] toespreek, sal jy waag om hulle ook saam te bring na die feesvieringe? Hulle is jou medewerkers en "Kamerade". [Comrades].

**Solly Sachs spreek 'n Vergadering van die Klerewerkers Unie in Johannesburg in 1938 toe.**



## VRAAG 5 DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 HET DIE HOOGVERRAAD VERHOOR BYGEDRA TOT DIE VRYHEIDSTRYD IN SUID-AFRIKA IN DIE 1950'S?

### BRON 5 A

In 1956 het die apartheidsregering (Nasionale Party) 156 politieke aktiviste wat as leierfigure deur die Veiligheidstak geïdentifiseer is, by Kliptown gearresteer (tydens die aanname van die Vryheidverdrag (Freedom Charter) in 1955. Hulle is van hoogverraad ('n ernstige aanklag van 'n poging om die regering met geweld omver te werp) aangekla. Hierdie is 'n voorwoord tot die boek *If This be Treason* deur Helen Joseph, wat in 1963 gepubliseer is.

> Die hoogverraadverhoor moet 'n spesiale plek in die Geskiedenis van Suid-Afrika inneem. Daardie grou, voordagbreek-klopjag, wat doelbewus bereken was om vrees in die gemoed van die huiweriges te plaas, moes die hele volk beïndruk met die determinasie van die regeringskliek om alle teenstand te onderdruk. [Dit] het eenhonderd ses en vyftig van ons, wat aan al die rasse van ons land behoort het, 'n groep van aangeklaagdes gemaak, wat een van die mees ernstigste aanklagte in enige wetlike stelsel in die gesig gestaar het.
>
> Die diktatoriale minderheid, wat Suid-Afrika geregeer het, het desperaat gedobbel toe hulle besluit het om so 'n groot aantal van sy opponente van hoogverraad aan te kla. Die rede en intensie was voor-die-hand-liggend. In die meeste dele van die wêreld is wet en orde steeds veronderstel om uiters goed te wees. Wat ook al, is veronderstel om deur 'n sekere vreemde soort logika reg te wees. Die universele oorweging van hierdie standpunt wys tot watter mate die mensdom steeds uit blote gewoonte, onder slawerny staan. Uitvinders en insieerders van progressiewe verandering is altyd verdag en gevreesd en word uit die weg geruim as hulle verslaaf is aan onverantwoordelike geweld, of hedendaags, as hulle bloot verdink word van kontak met kommunisme. Nasionalistiese logika was naïewelik eenvoudig en het amper aan onnoselheid gegrens. Hulle sou ons veroordeel as om Kommuniste te wees, om nie allleenlik duistere motiewe om die Staat, die gevestigde instelling, met geweld omver te werp nie, maar ook om in werklikheid sy einde te beplan. Hulle sou ook vrees by voornemende opponente inboesem deur aan hulle die hoë prys van opposisie te wys,- deur families te ontwrig, onsekerheid, verlies aan werk en die vele probleme wat met so 'n lang verhoor saamhang. Die hoogverraadverhoor sou deur die hele wêreld waargeneem word, veral deur die 'Kommunisties-bedreigde' mense van die Westerse beskawing, dat die blanke minderheidsregering van Suid-Afrika inderdaad 'n (vesting) van Westerse beskawing (wat dit ook al mag beteken) is, maar veral 'n bondgenoot in die stryd teen kommunisme ... .

**BRON 5 B**

Hierdie is 'n toespraak deur AM Kathrada tydens 'n vergadering van die 'People's Defence Committee' wat gehou is na die arrestasie van die leiers wat van Hoogverraad in Desember 1956, aangekla is. Dit is geneem uit die transkripsie van die hoogverraadverhoor, bladsye 7664 – 7668. Kathrada is self daarna gearresteer en was een van die aangeklaagdes in die verhoor.

Afrika! Afrika! Afrika! Mayibuye!

Mnr. die Voorsitter en Vriende,

Ek praat vandag nie as 'n individu nie, nie as Kathrada nie, ek praat vandag namens die minderheid mense in Suid-Afrika – namens die Indiërmense wat ook onderdruk en verslaaf is soos julleself. Strijdom en sy trawante sê dat my mense uitlanders in hierdie land is. Ek wil vir jou iets sê wat jy miskien nie weet nie, en wat die Vaderland nie oor skryf nie. Negentig persent van die Indiërmense van hierdie land is hier gebore en grootgemaak. Ek is in hierdie land gebore. Ek kom nie van Indië nie, maar ek sal jou vertel wie is 'n uitlander. Dr. H.F. Verwoerd is 'n uitlander; Dr. H.F. Verwoerd is gebore in Holland … .

Die mense van Suid-Afrika het al te veel bloed[vergieting] gesien. Westerse beskawing het aan ons die gruwels van masjiengewere en atoombomme getoon. Sedert Jan van Riebeeck na hierdie land toe gekom het, het ons nog niks anders as bloed[vergieting] gesien nie. Ons wil nie onnodiglik bloed vergiet nie en as daar in die verlede bloed as gevolg van uittarting vergiet is, dan het die uittarting nie van ons mense af gekom nie: alle blaam rus voor die deur van mnr. C.R. Swart. Ons het ons vreedsame vergaderings gehad en ek dink ons sal baie goed kan aangaan sonder lelike wreedaards wat in uniform rondom ons staan … .

Ons is nie bang vir gevangeskap nie, want ons lees die koerante. Swart en Dönges hou daarvan om te keer dat literatuur die land binnekom, maar hulle sal nooit die boodskappe van vryheid kan stop om die land binne te kom nie en ons weet wat gebeur. Die boodskap van vryheid kan nie gestop word nie. Nehru was in die tronk, nie net vir 'n jaar nie, maar vir meer as twaalf jaar, maar hy het uitgekom en sy posisie as Eerste Minister van Indië ingeneem. Op hierdie kontinent was dr. Nkrumah in die tronk. Die stryd het voortgegaan en vandag is hy die Eerste Minister van die Goudkus. Ons weet dat geskiedenis ons geleer het dat daar duisende derduisende mense is wat deur dié hardheid was, die hardheid van gevangeskap en daar uitgekom het … .

Ek wil hê almal van julle moet agter my aan sê: 'Lank lewe hoofman Luthuli! Weg met Strijdom en Swart! Lank lewe Vryheid!'

**BRON 5C**

Hierdie is 'n deel van Nelson Mandela se getuienis tydens die Hoogverraadverhoor van 1956 geneem uit die transkripsie van die hofverhore.

**AANKLAER:** Dink jy dat die proses van geleidelike hervorming jou mense se Volksdemokrasie kan verwerf? Veronderstel, as gevolg van druk, dat die regerende klas sou instem om volgende maand gekwalifiseerde stemreg aan Afrikane toe te staan, 'n opvoedkundige toets miskien [nie 'n streng een nie] en volgende jaar, as gevolg van verdere druk word 'n meer belangriker toegewing gemaak, - 'n verdere toegewing word in 1962 gemaak en so oor 'n periode van twintig jaar – dink jy dat die Volksdemokrasie op so 'n wyse verwerf kan word?

**MANDELA:** Wel, dit is hoe ek die vraag benader. Ek moet ter aanvang verduidelik dat die Kongres, so ver as wat ek weet, nooit die vraag bespreek het nie... Ons eis universele volwasse stemreg en ons is bereid om ekonomiese druk uit te oefen om ons eise te bereik en ons sal verset veldtogte loods, wegbly-aksies, enkel of gesamentlik, totdat die regering sal sê, 'Menere, ons kan nie hierdie stand van sake duld nie, wette word verbreek en die hele situasie wat deur wegbly-aksies veroorsaak word. Kom ons praat'. Volgens my eie opinie sou ek sê ja, kom ons praat en [dan] sal die regering sê, 'Ons dink nie die witmense is huidiglik gereed vir 'n tipe regering waar daar dalk 'n nie-blanke meerderheid is nie. Ons dink ons behoort julle 60 setels te gee. Die swart bevolking mag 60 Afrikane kies om hulle in die parlement te verteenwoordig. Ons sal die saak vir vyf jaar uitstel en dit weer aan die einde van die vyf jaar heroorweeg, volgens my sal dit 'n oorwinning wees my heer ... .

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 T0T 1994

### 6.1 WATTER EFFEK HET DIE DRIE-KAMERPARLEMENT OP DIE MENSE VAN SUID-AFRIKA GEHAD?

**BRON 6A**

Toe P.W. Botha in 1978 die Eerste Minister van Suid-Afrika geword het, het hy 'n proses van konstitusionele hervorming begin.

**Uittreksel 1: 'n Uittreksel van P.W. Botha se toespraak om die redes vir die verandering aan die grondwet te verduidelik:** Uit: *Apartheid, A History (1986)* deur Brian Lapping.

'Ons beweeg in 'n veranderende wêreld, ons moet aanpas anders sal ons sterf … . Die oomblik wat jy begin om mense te onderdruk … begin hulle terugveg … . Ons moet mense se regte erken en … [ons] moet onsself bevry deur aan ander in die gees van geregtigheid te gee wat ons vir onsself toe-eien … . 'n Blanke monopolie van mag is vandag in Afrika ongeregverdig … . 'n Betekenisvolle magsverdeling is nodig tussen alle rassegroepe … . Apartheid is die resep vir permanente konflik.'

**Uittreksel 2: Nasionale Party se antwoorde op sommige sleutelvrae oor die nuwe grondwet:** Uit: die *Rand Daily Mail, 16 September 1983.*

Vraag: Sal 'Kleurlinge' en 'Asiërs' op dieselfde kieserslys wees as die blankes?
Antwoord: Nee. Elke groep sal sy eie kieserslys hê.
Vraag: Is 'Swartes' ingesluit?
Antwoord: Nee. Maar hulle is in die konstitusionele proses ingesluit en hulle ontwikkeling sal langs 'n ander weg voortgaan.
Vraag: Wat is 'eie' sake en wat is 'algemene' sake?
Antwoord: 'Eie' sake verwys na die sake wat deur elke groep as belangrik beskou word om sy identiteit en kulturele sekuriteit, byvoorbeeld skole, te beskerm/ onderhou. 'Algemene' sake verwys na sake van algemene belang soos byvoorbeeld finansiële sake.


**Uittreksel 3: Rian Malan se verslag oor die veranderinge in die nuwe grondwet:** Uit *My Traitor's Heart* (1990).

… Een van Botha se eerste stappe was om die groot apartheidbloudruk, wat gevra het dat alle swartes uiteindelik uit 'blanke' Suid-Afrika verwyder moes word, te skrap. Hy erken die swartes as permanente inwoners in blanke stede en gun hulle die reg op eie huise en eiendom in die swart woongebiede [lokasies] … . Hy het ontslae geraak van sommige van die meer gehate apartheidswette … en het vyandige vakbonde toegelaat om openlik te organiseer … hopende om 'n swart middelklas te skep as teenvoeter teen rewolusie … .


**BRON 6B**

Die nuwe grondwet is onmiddellik deur die meeste demokratiese organisasies verwerp en 'n aantal van hulle het kragte saamgesnoer om weerstand te bied. Deur plakkate en demonstrasies te gebruik het hulle die kiesers aangemoedig om nie te registreer en in die verkiesing te stem nie. Die plakkate lees: Indiërs, Afrikane en Kleurlinge staan verenig. UDF sê nee vir nuwe bedeling; strooipoppe sal ons nie lei nie.

**'n Protesoptog teen die Drie-kamerparlement; 1983.**




**Inwoners van swart woongebiede het inwoners ontmoedig om vir die staat se ondemokratiese gemeenskapsrade te stem (1983).**



## BRON 6C

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n FOSATU pamflet, *What do the sell-outs say?* wat gebruik is om steun teen die Drie-kamerstelsel te wen.

Verraaiers: 'Dit is tyd om te onderhandel. Die Nasionaliste is besig om te verander en ons moet seker maak dit is 'n verandering in die regte rigting.'
FOSATU: Waar is die ware verandering? Die feit is dat rassisme steeds die wet in die land is – ons het onder andere steeds Groepsgebiede-, Instromingsbeheer-, die Ontugwet en die Wet op Binnelandse Veiligheid. Armoede, werkloosheid en inflasie is steeds so erg soos voorheen. Waaroor sal hierdie mense onderhandel? Kan 'n vlieg wat in 'n spinnerak vasgevang is met 'n spinnekop onderhandel?
Verraaiers: 'As ons eers binne die sisteem is sal ons dit gebruik om namens die Afrikane te onderhandel.'

## BRON 6D

Hierdie is 'n uittreksel uit die nuusblad *Mayibuye* (1985) wat die effek van die Drie-kamerparlement in Suid-Afrika reflekteer.

Die rassistiese
Drie-kamer
Parlement
Moet gaan!

Dit is nou twintig maande sedert die Drie-kamerparlement, nieteenstaande oorweldigende teenkanting, soos gedemonstreer in Augustus 1984, op ons afgedwing is.
In die vroeë dae het ons ywerig aktiwiteite gebruik om deelname van hierdie verraaiers te bemoeilik. So intens was ons stryd, dat dit ander optrede teen die apartheidsregering, byvoorbeeld teen die gemeenskapsrade, aangevuur het. Die anti-raadstryd wat in die Vaaldriehoek ontstaan het en gou bykans na die hele land oorgespoel het, is 'n voorbeeld hiervan.
Nogtans vandag, vra die verraaiers wat aan hierdie rassistiese strukture deelgeneem het sonder om aan die nagevolge te dink, luidrugtig, dat die rassistiese opstande in die land met 'n magtige magsvertoning beëindig moet word. Dit beteken dat hulle nie geraak is deur die mense wat in die strate, as gevolg van die fasiste se ontplooiing van militêre mag teen ons, sterf nie. Hulle is selfs nog stewiger aan die vyand se kant betrek. Hulle het by hierdie parlement betrokke geraak met 'n misrabele lae ondersteuning. Nogtans moet selfs hulle, misleide ondersteuners, nou besef dat daar niks bereik sal word deur deelname aan die wit parlement nie, ongeag die vorm van deelname. Hoe bejammeringswaardig is hulle stryd om toegelaat te word om saam met hulle meesters te eet terwyl die apartheidsbewind voortgaan om honderde-duisende 'Kleurlinge' en Indiërs dieper in armoede en ellende te dryf … .
…Dit is belangrik dat die demokratiese organisasies wat daargestel is om die Drie-kamer parlementêre verkiesings te opponeer hierdie stryd met hernude determinasie (vasberadenheid) moet aanpak om toe te sien dat die Botharegime se 'hervormingsdroom' vir eens en vir altyd aan skerwe spat … .
Ons vermoë om teen die verraaiers te organiseer is bewys met die anti-verkiesingsveldtog in 1984. Geskiedenis eis weereens van ons om op te staan vir die geleentheid en die rassistiese Drie-kamerparlement te vernietig … .

Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronnemateriaal uit Engels.

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:
ANC (n.d.) *What Can I Do? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
Berry, A. 1989 *Act by Act – 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Johannesburg: Lowry)
Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
Cronin, J (et al) 1986 *30 Years of the Freedom Charter* (Johannesburg: Ravan)
Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self-Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
Nasson, B. (ed) 2004 *Turning Points in History* (Johannesburg: STE Publishers)
New Nation publication (April 16 – April 22 1993).
Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
O'Donoghue, C. June 16, 1976: The Day that Shaped a Nation (*Marie Claire,* June 1998)
Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria; Sigma)
Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Suttner Raymond (n.d.) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)
The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)

Kopiereg voorbehou